SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 27 JUNIE 2004

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar sowel as per Echolink vanaf ZS6FCS. Echolinkgebruikers word uitgenooi om die bulletin op hul plaaslike herhalers te herlei.

Kommentaar of voorstelle oor die Echolinkdiens sal waardeer word en kan per e-pos gestuur word aan zs6fcs@telkomsa.net.

STIL SLEUTELS

Dit is met leedwese dat die Bloemfontein RAK die afsterwe van Sid Stewart, ZS4ABK, op Saterdag 19 Junie aankondig. Ons betuig ons innige meegevoel met sy vrou, familie en vriende.

Die Hibiscuskus ARK kondig met leedwese aan dat die sleutel van Ernie Andre, ZS2E/5, op 23 Junie stil geword het. Vroeg verlede jaar het hy 'n lid van ons klub geword, nadat hy Afd. 2 verlaat het. Hy, en Philys, sy vrou, het al van ons vergaderings bygewoon, totdat sy ongelukkig later die jaar oorlede is. Aan sy familie en vriende, ons innige simpatie.

(POUSE)

In die nuus vandag:

INTERESSANTE VOORSTELLE ONTVANG VIR LESINGS TYDENS AMATEURFEES

INTEGNET FOKUS OP DIE ECHOSATELLIET

VEELS GELUK AAN LOUIS DE BRUIN, ZS5LP

AFDELING 6 HERHALERWERKGROEP

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems. Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL en die nuus volg in besonderhede:

INTERESSANTE VOORSTELLE ONTVANG VIR LESINGS TYDENS AMATEURFEES

Die oproep vir lesings om aangebied te word as deel van die SARL se amateurfees op 21 Augustus het interessante reaksies opgelewer. Soos verlede week aangekondig sal die Suid-Afrikaanse Radioliga sy Radiotegnologie in Aksie program op 21 Augustus met 'n groot amateurfees by die Nasionale Amateurradiosentrum in Gauteng van stapel stuur.

Die lesingsprogram sal in drie strome aangebied word nl: tegnologie, amateurradio in aksie en amateurradio in opvoeding. Die tegnologiestroom sal fokus op digitale, satelliet- en swakseinkommunikasie. Die doel van die Amateurradio-in-Aksiestroom is om DX-werking, kompetisiewerking en algemene bedryfspraktyk te belig. Die derde stroom sal 'n werkswinkel wees oor hoe om amateurradio in Suid-Afrika na die jeug te neem.

"Ons het reeds baie interessante opsommings vir die tegnologiestroom ontvang," het Graham Hartlett, ZS6GJH, President van die SARL, gesê. "Ons sien daarna uit om voorstelle vir die Amateurradio-in-Aksie-stroom te ontvang." Die sluitingsdatum vir voorstelle vir lesings is aan die einde van Junie. Lesingsvoorstelle moet per e-pos versend word na rta@sarl.org.za.

Een van die hoogtepunte in die tegnologiestroom is 'n lesing deur Andrew Roos getiteld "Digitale Spraak vir Amateur HF-kommunikasie" wat die geskiedenis, tegnologie en huidige stand van die kuns van digitale HF-kommunikasie dek. (Bulletinlesers laai asb. 'n oudioinset vanaf www.sarl.org.za af en voeg dit hier in).

INTEGNET FOKUS OP DIE ECHOSATELLIET

Die bespreking op vanaand se Integnet sal gaan oor die Echosatelliet wat volgende week gelanseer sal word. Die gasspreker sal Rick Hambly, W2GPS, van Amsat Noord-Amerika wees. Rick sal sy Dayton Powerpoint-aanbieding as 'n basis vir bespreking gebruik. U kan dit aflaai vanaf die nuwe webwerf van SA AMSAT nl. www.amsatsa.org.za.

Die program begin om 20:00 SAT en sal interaktief oor baie herhalers oor die land wees. Klubs wat nognie aansoek vir koppeling van hul herhalers gedoen het nie, kan nog tot 12:00 vandag daarvoor aansoek doen. Stuur 'n e-pos aan armi@sarl.org.za met vermelding van die tefoonnommer wat gekoppel moet word asook die herhalerfrekwensie en dekkingsgebied. Weens tegniese beperkings kan selfone en voorafbetaalde telefone nie gekoppel word nie. Integnet sal ook op Echolink aktief wees; klik op ZS6AKV.

EERSTE DONASIES VIR DIE 2004 IARU-FONDS ONTVANG

Die Suid-Afrikaanse AmateurradioOntwikkelingstrust het die eerste donasie vir sy 2004 IARU-lidmaatskapfonds ontvang. Die Trust het onderneem om fondse in te samel vir die voortgesette lidmaatskap van die SARL van die internasionale

organisasie. Baie dankie aan Robin Seal, ZS5MRS, en Marten du Preez, ZS6ZY, vir hulle bydraes.

Gedurende verlede jaar se insamelingsveldtog is donasies in die SARL se bankrekening inbetaal wat nie in die erkenningslys van die Trust ingesluit is nie. Baie dankie aan die ZS5HAC, die Hibuskuskus Amateurradioklub, hulle het R300 bygedra.

Skenkers moet hulle bydrae tot die IARU-fonds maak aan die SA Amateur Radio Development Trust met Posbus 90438, Garsfontein 0042. Die bankrekeningnommer is 560 142 722 ABSA Menlyn met takkode 335 645. Donasies wat direk aan die SARL gestuur word gaan na die algemene donasiefonds en word nie teen die IARU-fonds gekrediteer nie.

Die Trust sien uit na u ondersteuning. Die IARU-subskripsie is voor die einde van Julie betaalbaar.

SA AMSAT LANSEER NUWE WEBTUISTE

SA AMSAT het die afgelope week sy nuwe webtuiste gelanseer. Die eerste weeklikse item in die webtuiste ingesluit is die satellietopdateringsverslag deur Dave Long, ZS5FR. Die verslag word weekliks op Sondae in Amateur Radio Mirror International uitgesaai. Die oudiolêer is vanaf Sondagaande beskikbaar. Gedurende die volgende aantal weke sal baie addisionele items bygevoeg word. Die URL is www.amsatsa.org.za.

VEELS GELUK AAN LOUIS DE BRUIN, ZS5LP

Die SA Amateurradio Ontwikkelingstrust wens Louis de Bruin, ZS5LP, geluk met sy wenontwerp vir 'n oudiomenger en -beheerder. Die Trust het vroeër vanjaar die kompetisie aangekondig vir die ontwerp en bou van 'n prototipe van 'n eenheid om SARL-programme soos die President se Net te vergemaklik. Die prysgeld is R2000 plus R3000 vir die bou van 'n prototipe.

Dit is 'n vereiste van die kompetisie dat die wenner volledige konstruksiebesonderhede vir publikasie in Radio ZS sal voorsien.

AFDELING 6 HERHALERWERKGROEP

Die herhalerwerkgroep vir Afdeling 6 kom op 10 Julie om 10:00 SAT by die Nasionale Amateurradiosentrum op die Sentechgronde byeen.

Klubs word versoek om afvaardigings te stuur. Die doel van die vergadering is om weer die werksaamhede van die werkgroep vir die komende jaar te aktiveer. Persone wat uitstaande aansoeke tov. herhalers ensomeer het, word ook uitgenooi.

Navrae kan gerig word aan Koos van der Merwe, ZS6JPY.

SPESIALE AANBIEDING

Na gesprekke tussen Radio Accessories and Data Modems en die SARL, is 'n ooreenkoms bereik dat indien 'n radioamateur in 'n enkeltransaksie toerust-

ing tot 'n minimum van R6 000=00 aankoop, Radio Accessories and Data Modems die radioamateur se lidmaatskapfooie van die SARL vir hierdie jaar sal betaal. Volledige besonderhede is beskikbaar op die SARL se webwerf nl. www.sarl.org.za. Die SARL bedank Sam Ford vir hierdie inisiatief om SARL-lidmaatskap te bevorder.

NUUS VAN HIBISKUSKUSKLUB

Die Hibuskuskusklub het onlangs sy AJV gehou. Vier besoekers van Durban het die 112 km reis onderneem om saam met hulle te wees, waarvoor hulle baie dankbaar is. Tipies van die KZN-Suidkuslewenswyse, was die formaliteite gou verby, en die nuwe (?) Voorsitter en sy komitee verkies. Dit was natuurlik gevolg deur die gebruiklike braai, (met Alastair, ZS5MU, se "Umzumbe Dew" natuurlik), wat tot laat aangehou het. Die genoemde mengsel het die vermoë om tonge los te maak en tyd te laat vries.

Die nuwe komitee sien dan soos volg daar uit: Voorsitter: Garnett Gould, ZS5ZT; Sekretaris/Tesourier: Peter Smith, ZS5SK; Visevoorsitter, en "Jeugdag" sameroeper: Brian Walpole, ZS5BOJ; Ligtoringnaweekorganiseerder: Gawie Hoon, ZS5R; Tegniese raadgewer en RAE-opleiding: Wim van der Loo, ZS5XRL; Morsekodeopleiding en spyseniering: Mervyn Todd, ZS5QI; Herhaler- en klubuitrustingvoog: Brian Burger, ZS5AZH; Velddagsameroeper en algemene komiteelid: Rob Henry, ZS5XS.

Miskien klink sommige van die bogenoemde titels grappig, maar in ag genome die afstand tussen sommige komiteelede tussen byvoorbeeld Kingsburgh en Port Edward (136 km); moet sommige sake soms informeel tussen komiteelede gereël word om dan later per komiteevergadering bekragtig te word.

Dank aan die uittredende komiteelede en sterkte word aan die nuwe komitee toegewens vir die werk wat voorlê.

KINDERDAG BY DIE RANDSE LUGHAWE

Die Suid-Afrikaanse Antieke Radiovereniging het verlede Woensdag tesame met die Suid-Afrikaanse Lugdiensmuseumvereniging by die Randse lughawe deelgeneem aan die SARL se kinderdag.

Ten spyte van die koel weer het Gerald, ZS6GMJ, en Devan, ZR6DAN, 'n HF-en BHF-stasie respektiewelik vanaf 09:00 bedryf.

Te danke aan goeie HF-toestande is kontakte op 40 meter met stasies in Kaapstad, die Oos-Kaap en die res van die land gemaak. Die enigste uitsondering was ZS5-stasies wat met Hamnetkommunikasie tydens die Comrades maraton bedrywig was. Baie kontakte is met kinders regoor die land gemaak.

Die kombinasie van lugvaart en amateurradio het geblyk 'n suksesformule te wees aangesien sowat 25 amateurs, familie en vriende ondersteuning gebied het deur die ZS0AWA-stasie te besoek. Hulle was nie alleen op amateurradio vergas nie, maar ook deur 'n aantal ou vliegtuie wat van en na die Randse lughawe gevlieg het. Baie amateurs het die SAL-museum en die afgetrede Boeing 747,

die Lebombo, ZS-SAN, besoek. Graham, ZS6GJH, en Natasha Hartlett was spesiale gaste nadat hulle die kinderdagverrigtinge wat deur die Sandtonklub by Cresta angebied was, besoek het.

Baie dankie aan almal wat die verrigtinge ondersteun het, hetsy met 'n besoek of met 'n kontak oor die lug en sodoende gehelp het om dit 'n spesiale dag vir ons kinders te maak. In die lig van sy spesiale aantrekkingskrag, gaan verdere amateurradioverrigtinge op dieselfde terrein beplan word.

RAE-KURSUS DEUR MAGALIES RADIOAMATEURKLUB

Die Magalies Radioamateurklub sal elke Saterdag vanaf 7 Augustus klasse vir die volgende RAE by hulle klubhuis in Waverley, Pretoria aanbied. Belangstellendes kan Marten du Preez, ZS6ZY, by (012) 332 2104 vir meer besonderhede skakel.

VOORTPLANTINGSTOESTANDE

Kobus, ZS6KOB, rapporteer dat voortplantingstoestande oor die afgelope aantal dae matig was hoofsaaklik as gevolg van invloei van koronamassa vanaf die son na die aarde. Vanaf 25 tot 27 Junie was toestande redelik. Vanaf 28 tot 30 Junie mag toestande aktiewe periodes beleef- te danke aan 'n relatiewe goeie sonvlekgetal asook koronaopeninge op die sonoppervlakte. Gebruik die 20 m band vroegmiddag na die Ooste en later na die Noorde. Die sonvlekgetal was Vrydag 61,2 teenoor 62,3 verlede week. Dit het op die 20ste Junie vir 'n kort periode tot bykans 140 gepiek. Die verwagting is dat dit in hierdie week gaan daal. Interessant is die feit dat die sonvlekgetal reeds sedert 1610 deur Galileo waargeneem is. Tussen 1645 en 1715 was baie min sonvlekke waargeneem- gelukkig was daar seker nie toe DX-liefhebbers nie! Werklike sonvlekdokumentasie het in 1747 by die Zurich sterrewag begin.

DAGBOEK VAN GEBEURE EN HERINNERINGS

Vanmiddag om 12:00: Die President se net; Vanaand om 20:00: Integnet; 30 Junie: Bespreek vir stoomtreinrit na die Koster Mampoerfees op 5 September; 2-3 Julie: PEARS se Digitale en Mikrogolfkompetisie; 24 Julie: AMSATCON2004, Durban; 7 Augustus: Magalies Radioamateurklub begin met RAE-kursus; 21 Augustus: Radiotegnologie-in-Aksie en vlooimark by die NARS; 2 Oktober: Vlooimark by die Oos-Rand Radioklub; Betaal SARL-lidmaatskapgeld; Maak 'n bydrae tot die fonds van die Suid-Afrikaanse Amateur Ontwikkelingstrust vir die SARL se IARU-lidmaatskap; Stuur artikels vir Radio ZS aan radiozs@sarl.org.za; Gesiggestremde amateurs kontak Dave, ZS1LDH, by 021-761-8386 of e-pos Dave, per adres die Kaapstad Amateurradiosentrum, na zs1ct@qsl.net indien u Radio ZS op band wil ontvang. Stuur SARL-geskiedenis per e-pos na zs6p@iafrica.com.

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur George, ZS6NE„ en gelees deur ……. vanuit …… as ’n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u ’n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX